

Die Voorsitter, Bestuurslede
asook die personeel van die
**KOEJAWEL PRODUSENTE
VERENIGING**

*Wens u 'n vreugdevolle feestyd en 'n
Voorspoedige 2009*



The Chairman, Members and
staff of the
GUAVA PRODUSERS ASSOCIATION

*Wish you a joyful season and a
prosperous 2009*

Desember 2008
No 26

Koejawel Nuus

**Koejawel Produsente Vereniging
Guava Producers Association**

Hoofstraat 258 Main Road
PAARL 7646
Posbus 426 P O Box
PAARL 7620

[021 872-1501
Fax [021] 872-2675
✉ : victor@guavas.co.za
🌐 : www.guavaproducers.co.za

Editor /Redakteur : **Wiehahn Victor**

Inhoudsopgawe / Index

Bladsy

1.	Inhoudsopgawe	1
2.	Uit die Voorsitter se pen	2 - 3
3.	Harde Koejawel.....Wat wou.....	4 - 5
4.	Bedryfsaangeleethede vir 2008	6
5.	Navorsing op Verwelksiekte	7 - 8
6.	Ons is op die lug / Web & e-pos	8
7.	Teling van Verbeterde Kultivars	9 - 10
8.	Verbruikerstudie Olimpiade	11
9.	Kersgroete / Festive Greetings	12

UIT DIE VOORSITTER SE



INLEIDING

Dit was die natste winter in baie jare. Die nat weer het die oes van koejawels moeilik gemaak en daar het ook vrugte verlore gegaan. Die oes was nogtans ±25 000 ton.

DIE INMAAK MARK

Daar is twee fabriek wat koejawels inmaak en 2 400 ton is verwerk. Die hoeveelheid wat ingemaak word bly al 4 jaar konstand. Ons kry baie navraag omdat daar nie ingemaakte koejawels op die winkelrakke is nie. Dit is 'n probleem wat aandag moet geniet.

DIE SAP MARK

Daar is 17 600 ton verwerk tot sap. Dit is die meeste nog. Daar is groot aanvraag op die uitvoer mark. Die verwerkers het te min vrugte gekry. Ek merk ook op dat daar weer koejawels nektar op die mark is.

DIE VARS MARK

Die vars mark was ondervoorsien. Die aanbod van koejawels was te min, veral na gehalte vrugte. Ons skat dat daar in die Wes-Kaap 5 000 ton bemark is.

DIE 2008 PRYSE

Die pryse wat betaal is het van R1 300 tot R1 550 gewissel soos die verwerkers met die produsente ooreengekom het.

EK WORD GEREELD GEVRA of koejawels nog aangeplant kan word in die Wes-Kaap.

Die koejawel is 'n subtropiese plant. Dit kom wêreldwyd in tropiese gebiede voor. Die Wes-Kaap is sover my kennis strek die enigste gebied waar koejawels verbou word in 'n winter reënval gebied.

Die Fan Retief is hier ontwikkel en aangeplant. Vir meer as 100 jaar word dit verbou en 99% van die boorde is Fan Retief. Dit is nog die beste vir inmaak. Die vrugte word ook gekweek sonder die toediening van swamdoders.

VERBRUIKERSTUDIE OLIMPIADE

Die Verbruikerstudie Olimpiade vir 2008 is weereens onder die vaandel van die Universiteit van Stellenbosch aangebied. 'n Rekord getal van 4398 leerders uit 190 skole het aan die olimpiade deelgeneem. Die deelname groei steeds jaarliks en die meriete afdeling vir voorheen benadeelde skole trek baie inskrywings.

Die koejawelsbedryf was weereens een van die borge van dié geleentheid en het uitstekende promosie waarde gekry. Die vraestel bevat vrae oor koejawels, asook promosie tydens die prysuitdeling en korrespondensie.

Vanjaar is die 25ste agtereenvolgende jaar dat die Olimpiade aangebied is. Hierdie jaar was daar een kompetisie vir die Verbruikerstudieleerders en dit is geskryf op 29 Julie 2008 by al die deelnemende skole.

IN MEMORIUM

Die Koejawel Produsente Vereniging betuig sy innige simpatie aan John Uys, kinders en kleinkinders met die heengaan van Rozelle Uys. Vir ons sal sy veral onthou word vir haar bydraes tot die koejawelbedryf se pamflette.





Foto 1 Saadlose koejawel



Foto 2 Saadlose koejawel oopgesny

Mutasietelingstegnieke word ook in die koejawelteelprogram gebruik en een van die hoofredes hiervoor is dat die basiese genotipe van 'n kultivar effens verander word terwyl verbeterde eienskappe bygevoeg word. Die tyd wat dit neem om 'n verbeterde kultivar te kry word baie verkort. Huidig is 2 200 bome in die boord geplant wat bestraal is met gamma bestraling waarvan 1200 volgende seisoen in produksie sal wees. Saad van 5 kultivars en 2 seleksies is ook bestraal met verskillende gamma dosisse. Ontkiemingspersentasie is geneem op 'n weeklikse basis om die korrekte dosis per kultivar vas te stel. Die saailinge behoort volgende jaar gereed te wees om in die boord uit te plant vir vrugewaluerasies.

Die genebron van die LNR-ITSG word ook uitgebrei deur invoere. Verlede jaar is saad van 17 kultivars ingevoer vanaf die VSA en daar word gepoog om 51 kultivars/seleksies van Hawaii in te voer. Enthout van Madeira en Frank Malherbe is ook gesny tydens ons besoek aan die Wes-Kaap en is ge-ent op TSG2 onderstamme. Hierdie bome sal ook by die genebron gevoeg word.

KOEJAWEL VERWELKSIEKTE

In die subtropiese en somer reënval kom die siekte vanaf 1987 voor en in 1994 was tot 80% boorde besmet. Fan Retief is veral vatbaar en kon glad nie meer verbou word nie. Die Wes-Kaap is nog vry van die siekte, maar daar is navorsers wat sê die Wes-Kaap sit op 'n tydbom. As die siekte hier posvat kan die hele bedryf in die Wes-Kaap uitgewis word. Daar is streng regulasies in plek wat dit verbied dat geen plantmateriaal van koejawels uit besmette gebiede vervoer mag word nie. Hierdie regulasies moet streng toegepas word.

NAVORSING EN ONTWIKKELING

Alle navorsing oor koejawels word by die LNR Navorsing Instituut te Nelspruit gedoen. Daar is groot verskille in die verbouing van koejawels in die Wes-Kaap en Nelspruit. Navorsing en voorligting in die Wes-Kaap vir die Wes-Kaap is noodsaaklik as ons wil voldoen aan die vraag vir die uitvoermark. Die hulp van die Staat is hier nodig aangesien ons te klein is om dit alleen te doen.

MOET NOG GEPLANT WORD?

JA, die koejawelbedryf in die Wes-Kaap kan en moet groei na 30 000 ton oor 5 jaar.

DIE AFGELOPE JAAR was 'n uitstaande jaar.

Daar was 'n rekord oes en pryse.

Daar is 'n uitvoermark gevestig.

'n Generiese reklame veldtog is geloods.

Uitstaande verhoudings tussen produsente, verwerkers en die Bestuur is bewerkstellig.

Ek wil my dank en waardering uispreek teenoor almal wat betrokke is en was en nog sal wees.

“Die *meetsnoere* het vir ons op lieflike plekke geval”. Ps. 16:6.

Mag die Kersfees Vrede Bring : Mag die Nuwe Jaar voorspoedig wees.

Met opregte boere-groete

Cornel Grobbelaar
VOORSITTER

HARDE KOEJAWEL..... WAT WOU.....

Die Koejawel Produsente Vereniging het in 2008 die promovering van koejawels as doelwit gestel en Lethu Marketing aangestel vir dié doel. Die strategie was om die verbruiker meer bewus te maak van koejawels en aan te moedig om koejawels te koop. 'n Generiese bemarkingsplan is opgestel en R55 000 is hierin belê.

Die spesifieke doelwitte wat gestel was, was :

- (1) Om verbruikers aan te moedig om koejawels as gesonde en voedsame vrug te kies.
- (2) Om die gerieflikheid van ingemaakte koejawels uit te lig.
- (3) Om die gebruik van koejawels in nagereg, gebak en as sap te promoveer.
- (4) Om die gesondheidswaarde van koejawels onder die verbruiker te verbeter.
- (5) Om die bedryf uit te bou en te laat groei tot voordeel van alle rolspelers in die bedryf.

Die strategie was om die publiek te bereik deur koerante, tydskrifte en die radio. Vir die doel is 100 "Press kits" voorberei met koejawel produkte en inligtingsdokumente. Vars koejawels, ingemaakte koejawels, koejawelsap en gedroogde koejawels is gebruik en pragtige foto's van koejawels vir gebruik in artikels is ingesluit.

Die resultaat : **OORWELDIGENDE SUKSES!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!**

Soos die bemarkers sê : Die regte produk op die regte tyd op

TELING VIR VERBETERDE KULTIVARS

S. Willemse

**LNR-Instituut vir Tropiese en Subtropiese Gewasse,
Privaatsak x11208, Nelspruit, 1200**

E-pos: salomie@arc.agric.za

Tydens 'n onlangse besoek aan koejawelprodusente in die Wes-Kaap was dit weereens duidelik dat daar 'n groot behoefte bestaan om huidige kommersiële kultivars te vervang met verbeterde kultivars wat veral geskik is vir die varsmark maar ook aanvaarbaar is vir die verwerker.

Die LNR-ITSG is die enigste organisasie in die Suidelike Halfrond wat hom toespits op koejawelteling. Konvensionele teling sowel as mutasietelingstegnieke word gebruik om verbeterde kultivars te verkry. Voordele van konvensionele teling is dat gerigte kruisings gemaak word tussen kommersiële kultivars en seleksies wat beter vrugkwaliteiteienskappe toon as huidige kultivars. 'n Wit saadlose koejawel (foto 1 & 2) is onlangs in een van die proefblokke geselekteer en tans word kruisings gemaak tussen die saadlose koejawel, TSG2 (kultivar wat weerstandbiedend is teen Koejawelverwelksiekte) en Fan Retief. Na vrugset word die saad versamel en in die kwekery geplant. Wanneer die saailinge gereed is word dit in die boord gevestig en geëvalueer vir vrugkwaliteitseienskappe.

Buiten vrugkwaliteit word verskeie ander probleme ervaar met huidige kommersiële kultivars. Fan Retief is baie vatbaar vir Koejawelverwelksiekte en TSG2 is weer baie vatbaar vir aalwurms. Verlede jaar is kruisings gemaak tussen Fan Retief en TSG2 om 'n verbeterde seleksie uit hierdie kruising te verkry. Die nageslag van die kruisings is ongeveer 10cm hoog en sal volgende jaar in 'n boord gevestig word vir verdere evaluasies

Bespuittingsproewe teen vrugtesiektes

Die LNR-ITSG doen ook navorsing op verskillende swamsiektes wat op die koejawelvrug voorkom. Dit is veral belangrik vir die varsmark Produsente, blomendverrotting(BER), Guignardia vlek en antraknose.

'n Verskeidenheid swamdoders is reeds getoets en nog middels sal in die komende seisoen geëvalueer word. Die enigste middels wat tans geregistreer is, is mankoseb, kaptab en koperoksichloried. Daar word gepoog om belowende middels so gou moontlik geregistreer te kry.



Ons eie Webwerf

www.guavaproducers.co.za

 *Our own e-mail address*

victor@guavas.co.za

Dekking vir koejawels is verkry in 26 publikasies wat gewissel het van voorblad tot agterblad. In sommige gevalle was dit etlike bladsye! Van die publikasies was 13 in leiende verbruikers tydskrifte soos True Love, Oprah, Sarie, Finesse, Vrouekeur, Shape en in Woolworths Taste.

Koerante soos Die Burger, Cape Argus, The Star en Sunday Times het bladsye en/of bylaes oor koejawels en koejawelrepte gepubliseer.

Verskeie gastehuse en restaurant is genader om geregte met koejawels voor te berei en selfs op hul spyskaart te plaas. Vooraanstaande voedsel redakteurs het hieroor verslag gedoen en die koejawels se waarde in geregte beklemtoon.

Die radio het ook nie teruggestaan om die “boodskap” van koejawels uit te dra nie. Drie radiostasies het koejawel programme uigesaaï om die verbruikers bewus te maak van koejawels.

Aan die einde van die dag het die veldtog 3,5 miljoen mense deur koerante, tydskrifte en die radio bereik. Indien die getal na huishoudings deurgetrek word, kon sowat 17 miljoen mense van koejawels en sy voordele bewus gemaak word. Die dekkingswaarde hiervan word op R580 000 bereken en die moontlike bemarkingswaarde op R2,3 miljoen.

KOEJAWEL JOU DORING!!!!!!

Wie sê dis 'n Harde Koejawel?

- Wiehahn Victor

BEDRYFSAANGELEENTHEDE VIR 2008

ONTLEDINGS

Die bedryf het 150 koejawelmonsters vanaf 6 verwerkers vir Chemiese Smitmiddels in 2008 laat ontleed. Die resultaat was uiters gunstig en geen oorskrydings het voorgekom nie. Die bedryf het ook 'n volledige ontleding van Swaarmetale, naamlik, Lood, Yster, Arseen, Mangaan, Tin en Kadmium laat doen. Die finale verwerkte produk het skoon getoets.

MADEIRA BOOM

Die bedryf het boompies laat maak van die oorspronklike Madeira koejawel. Daar word beplan om hierdie boom in die Gedenktuin te Stellenbosch tydens die Vereniging se Jaarvergadering van 2009 te plant.

KOEJAWEL PAMFLET

Die Vereniging beplan om 'n opgegradeerde nuwe pamflet oor koejaws te laat druk. Hierdie pamflet oor inligting omtrent die eienskappe van koejaws sal in die begin van 2009 beskikbaar wees. Inligting oor koejawel produkte en kontakbesonderhede van verwerkers sal daarin verskyn.

MODERNE KOMMUNIKASIE

Die Vereniging ontwikkel tans sy eie Webwerf en e-pos adres om op 'n moderne vinnige manier kommunikasie te verbeter. Die besonderhede word elders in die Nuusbrief gegee.

GENERIESE BEMARKING

Die uitstekende resultate wat in 2008 behaal is met generiese bemarking het die Vereniging aangespoor om hiermee voor te gaan. (Sien artikel op bladsy 4 & 5). 'n Strategiese Plan vir 2009 is reeds bespreek en beplanning is in volstroom. Sien meer hieromtrent in die volgende nuusbrief. - Wiehahn Victor

Navorsing op koejawelverwelksiekte

M.H. Schoeman

LNR-Instituut vir Tropiese en Subtropiese Gewasse

Koejawelverwelksiekte (KVS) is die eerste keer in 1981 in die Malelane-gebied aangeteken en het vinnig na die ander koejawelproduserende gebiede in Mpumalanga en Limpopo versprei.

In 1982 was daar ongeveer 712 ha Fan Retief (FR) koejaws in Mpumalanga, in 1994 slegs 160 ha a.g.v KVS en tans slegs ongeveer 9 ha.

In 1995 is weerstandbiedende onderstamme (TS-G1 en TS-G2) deur die LNR-ITSG vrygestel. Koejawelaanplantings met TS-G1 en TS-G2 in Mpumalanga en Limpopo is tans 212 ha en 400 ha onderskeidelik. In die Wes-Kaap is daar 513 ha koejaws wat hoofsaaklik van die Fan Retief kultivar is. Dit is 'n baie gevaarlike situasie, aangesien die hele bedryf uitgewis kan word as KVS daar uitbreek.

Du Roi kwekery is die enigste gelisensieerde kommersiële verskaffer van TS-G2 en die LNR-ITSG ontvang tantieme wat weer vir navorsing gebruik kan word.

Aangesien die weerstandbiedende onderstamme meer vatbaar vir aalwurms is en 'n effens laer opbrengs as Fan Retief het, is verdere navorsing daarop gerig om nuwe seleksies te vind wat weerstand teen KVS en aalwurms bied, asook verbeterde opbrengs en vruggehalte het.

Die LNR-ITSG het reeds weer ongeveer 12 000 sade in weefselkultuur ontkiem en die plantjies aan die KVS toksien blootgestel. Daar word verwag dat die boompies binne 6 maande gereed sal wees om met die KVS swam geïnokuleer te word. Boompies sal terselfdertyd aan aalwurms blootgestel word asook in die boord uitgeplant word sodat die opbrengs en vruggehalte ook so gou moontlik bepaal kan word.